Ges. 7: 1, 2.
Ges 29: ~~[illegible]~~, 4, 6, 7.
Ges. 77: 1

## Rekenskap van ons Rentmeesterskap

Mt. 25: 14-30

Afsluiting Kwartaal
Wt. 15 Junie '41

Lxt bemerk [?]
Biduur Lxt. Nov. 42.

Mt. 25: 15 & 19: — En vir die een gee hy 5 talente en vir die ander twee en vir die ander een, vir elkeen na sy vermoë; en hy gaan dadelik op reis. — En na 'n lang tyd kom die heer v.d. slawe & reken met hulle af.

Dis amper die einde van 'n kwartaal: 6 maande van die jaar 1941 verby. Elkeen van ons was besig met ons versk. beroepe & werksaamhede – baie gevra [?] nou tot afsluiting —Skool, Kollege, S.S. – ook ander beroepe— kom. Daar goed & nodig om stil te staan & onsself af te vra: Watter rekenskap kan ek gee van die tyd wat verby is? Wat het ek gemaak met my kanse, my voorregte, my geld, my goed, my lewe? Is ek tevrede en gelukkig met my werk & lewe? En het ek ander tevrede & gelukkig gemaak?

Vra die vrae, nie om enigeen bang te maak nr om- die noods. daar: enigste manier om myself te leer ken & my swakhede & sterk punte & ons duisbase [?], vrugbare lewe te lei. Nodig dat mens gewaarsku word: tydige waarskuwing beteken baie meer as te late berou.

Dit was juis ook met die oog hierop dat Xtus hd. gelykenis v.d. talente uitgespreek het. Aan die einde van sy aardse loopbaan in Jerusalem: ~~bedoel gemeen~~ gang aan die adres v.d. Fariseërs & ander wat nie die groot geluk wou aanneem wat hy hulle aangebied het nie: die wat voorregte ontvang het en dit nie wou gebruik nie — kosbare geleenthede gehad het en besig was om ~~dit~~ hulle te laat verbygaan. Daar dié gelykenis Daar dat Xtus hier dink aan 'n alg. verskynsel v. dd. dae & dit as beeld gebruik vir sy gedagte: 'n ryk koopman wat op reis gaan & aan elkeen van sy bestuurders 'n sekere som geld gee om mee te werk. Kom terug om te eis.

Die dieper betekenis hier duidelik: Xtus hier in gedagte almal wat v.d. Besitter v hemel & aarde gawe & talente ontvang het & die wyse waarop dit gebruik moes word. Veral vs. 15 & 19 bring dit sterk

na vore. Sien dan:

I Die Talente wat God gee
II Die Gebruik wat ons daarvan maak
III Die Rekenskap wat God eis.

## I Die Talente wat God Gee:

a) Eerste feit wat gelyktf ons a)tring – feit wat ons elke dag bewys sien in ons daagl. lewe: a) Vir elke mens gee God sy talente. Elkeen van ons het iets ontvang, in watter vorm ookal. Niemand van ons kan kom & sê: Aan my het God niks gegee nie. Wat wel waar is is dat God vir die een meer gee & ander minder, mr. daaroor nie nou al praat nie, feit bly: elkeen iets ontvang: sommige 5, ander 2, ander 1.

– Wat dit vir ons nog interess. maak is feit dat God vir niemand dies. gawes gee nie: vir die een mens dit, vir die ander een dat:

Rykdom – armoede. wysheid
Skoonheid – ~~deug~~ mooi (Karakter).
Geleerdheid – Eenvoud & hart.
Gawe om te praat – Gawe om te sing.

→ Elkeen het iets wat 'n ander nie het nie.

– Die ongeluk is egter dat die mens dit nie altyd so kan sien nie: baiekeer in 'n diepste ongeluk oor sy talente – of gebrek daaraan. Vir hoe baie, veral die wat nie so goed bedeeld is nie, is dit ontsett. groot probleem in hulle lewe. Hoe baie van ons sê nie vra vir onsself: Ja dis presies soos ek veel-hd. deug is nie 'n probleem vir die mens met 5 talente – mr. wat v.d. mens wat net een het? Ek, arme sukkelaar: hoekom moes ek so min kry? Ek is nie so slim soos ander, nie so mooi, nie so begaafd, nie so talentvol, nie so ryk, nie so gesond → die lewe is onregverdig & onbillik teenoor my; ek kan nie bykom nie. – ander gaan my verby

Dan dat ons begin ongelukkig & ontevrede word & met gevoel van verbittering & wrok in ons eie harte lewe & werk. Ons vergeet egter: krisiting wees:

b) God gee vir elkeen na sy vermoë: Dit is wat Jesus hier baie duid. sê.



Baiekeer, veral in die begin v ons lewe of wanneer ons teenslag ontvang het & seer voel, verstaan ons dit nie, mr. dit bly nietemin 'n waarheid van alle tye:

God gee net soveel as wat ons kan waardeer en gebruik. Hy gee nie meer as ons vermoë nie, mr ook nie minder nie. Het ons al ooit daaraan gedink dat as die Heer meer gegee het aan ons miskien 'n totale mislukking daarvan gemaak het? Ons geneig om te vergeet: God gee net soveel as wat ons kan ontvang

– En buitendien: watter reg het enige mens om te sê: Ek het net een talent ontvang! Wie van ons kan sê hoeveel ons het voordat ons dit nie begin gebruik het nie! En as ons begin sal ons sien dat God meer gegee het as wat ons ooit net brug kan gebruik en behartig! „Vir een 5, ander 2, ander 1, elkeen na sy vermoë"

Hoef mr. net te dink aan ons eie & ander se lewe: hoe baiekeer iemand nie mooi gesonde ligg. mr goeie verstand – of g'neen v.d. twee dinge, mr. pragtige siel of laat ons verder kyk:

So gee God { aan een rykdom met al sy gevare; ander armoede met .. – sienings }

{ En skoonheid met al sy verleiding & versoeking; ander Karakter .. .. .. sterkte & krag.

{ Geleerdheid (Skranderheid) met sy gevare v. hoogmoed & gemsword; Minder goeie insig met eenvoud & hart!

Nee, God maak nie 'n fout nie, sy uitdeling is nooit verkeerd nie ~~regverdig~~

c) En hoe baiekeer word die treurige werklikheid gesp. in die lewe v. 'n jong man of vrou dat baie gawes & talente nie noodw. 'n seën is nie mr. 'n vloek! Hoe baiekeer moes mens nie met smart aanskou dat 'n kind sy gawes, voorregte, talente onder sy voete vertrap het nie! Sy baie geleenthede & kanse het sy ondergang geword!

→ Nee: Ons Vader weet hoeveel ons kan behartig: vir elkeen na sy vermoë

## II Die Gebruik wat ons Daarvan Maak:

Mr. dis nog nie al nie. Ons moet nog verder gaan en kyk na die gebruik wat ons v. dd talente maak. Baie nodig om diep te let dat:

a) Dis nie ons s'n om te gebruik soos ons wil nie: Ons lees daar in vs. 14 ~~[illegible]~~ dat Xtus praat van die besittings as syne, & dat die slawe alleen bestuurders was vir die tyd wat die Heer op reis was.

En dan kan ek nie sê: dis my lewe, my gawes, my tyd & geld & niemand anders daar iets mee te doen nie! Maak soos ek wil. Die waarheid is: alles behoort aan God ons alleen mr. die bestuurders!

– Moet dit gebruik: vereiste. God gee niks verniet nie. As Hy dit gee het Hy dit met bep. doel. As ek dit nie gebruik nie neem Ɵ dit van my weg:

Dokters sal ons sê: As mens sy arms of bene nie gebruik word hulle kragteloos.

So: verstand v.d. mens – as hy nie gebr. verswak

talent (bv. musiek) – " - - - - - gaan verlore.

→ Geestel. voorregte: liefde + genade.

Dan ernstig [illegible] gebruik

b) ~~Die~~ Ons kan dit reg of verkeerd gebruik: Die Heer laat ons vry om te gebruik soos ons wil. Hy dwing niemand om dit te gebruik nie: ons kan self kies: wil ek dit reg of verk. gebruik? Die gawes van my lig. (gesondheid, kragte, skoonheid), " "

van my verstand (geleerdheid ens. ) " "

van my gees (kultuur, godsdiens).

– ek kan self kies hoe ek hulle wil aanwend.

Mr. een ding is seker: in een van die 2 rigtings sal dit gaan – of reg of verkeerd.

c) Wanneer is ek besig om dit reg te gebruik: Nie maklik om te sê wanneer ek besig is om my talente verk. te gebruik nie – die gevolge sal dit gou genoeg wys. Mr. soms die ernstige vraag by ons: Is ek besig om my tal. reg te gebruik?



Wat moet my maatstaf wees?

Antw: Daar is net een maatstaf: ek moet elke gesindheid, elke woord, elke daad onderwerp aan die toets: Sou J.X. dit kan goedkeur? Sou dit sy gesindheid, gevoelens gewees het? Sou Hy so gepraat het? Sou Hy so gehandel & opgetree het?

Of ons kan dit anders stel (in X. se eie wds) en sê dat die ware toets vir die regte gebruik van my gawes is net dit: Is ek besig om my Heer en my naaste te dien of nie? Of draai alles net om myself? Is ek besig om die voordeel van God & my mens te soek of soek ek net my eie selfs. voordeel? Wil ek myself, my eie groepie dien & verheerlik of soek ek om my kragte in diens van my medemens te stel? Kan die Heer en my medemense my gebruik of beteken ek niks vir ander om my nie? Kan dit van my gesê word dat die Here en my vriende ens. op my kan reken?

Die groot saak nie hoeveel talente ek ontvang het nie, mr. hoe is ek besig om hulle te gebruik? Is ek besig om van 5 nog 5 te maak van 2 nog 2 of is ek besig om my talente in luiheid & onwilligheid weg te steek? (vs. 14, 15)

– wat ons meeste admireer in iemand →

## III Die Rekenskap wat God eis:

"En na 'n lang tyd kom die heer van dd. slawe en reken met hulle af." Daaruit sien ons:

a) [Die Sekerheid v.d. afrekening:] Dat God sekerlik kom om rekenskap te eis van alles wat Hy aan ons toevertrou het. Niemand van ons kan sê dat dit nie sal kom nie – die hele lewe wys ons dit: ~~[illegible]~~ ons moet rekenskap gee van ons rentmeesterskap.

Miskien sê ons in ons hart: dis harde +

swaar eis. Mr. laat ons nooit vergeet nie:

b) Dis nie 'n Onregv. Rekenskap: Die man het gekom om met sy slawe af te reken – mr hy het nie die onmoontlike gevra nie:

onbillike – nie 10 geeis v.d. een wat 5 ontvang het nie
– nie 5 .. .. .. .. 2 ..
– nie eers ge-eis dit wat Hy gegee het nie.

Teendeel: – Hy het glad nie geeis in terme van talente nie: Hy het 'n heel. ander toets aangelê:

Antw. Heer: ...

(i) Gewilligheid: Was hulle gewillig om te werk met wat hulle gegee het

(ii) Getrouheid: was hulle getrou met die stukkie wat God hulle gegee het? (vs. 21)

→ Baie duidelik sien ons dus: God se maatstaf anders as die wêreld s'n: Sy toets nie die mate van skinkd of mooiheid of eer of somme geld wat ek bring nie mr net dit: was ek gewillig & getrou? Wat het ek gemaak van die stukkie wat God my gegee het? Toets wat elkeen kan deurstaan.

→ Dis waar God se regv.d uitkom: ons nie almal ewe slim, lewendig, begaafd, fyn opgevoed – het nie almal soveel geld, kanse, voorregte as ander → mr. dis nie wat na die Here kyk: Hy vra alleen wat ons kan gee en wat Hy met reg kan vermag: Hy ken ons swakhede, ons gebreke: Hy sal verstaan. Mrs juis daarom eis Hy, en eis Hy met reg dié ding wat ons almal kan gee: gewilligheid & getrouheid in ons lewe & werk

c) Die Straf & Beloning: i) En dit was die straf v.d. man met een talent – dit was sy tekortkoming: → traagheid/luigelagtigheid dat hy nie wou werk nie – dat hy nie van gebruik maak van die geleenthede wat hy gehad het nie: Hy het sy kanse & voorregte misbruik en weggegooi.



(ii) En dit was ook die rede waarom die Heer die getroue slaaf beloon het: nie om sy baie gawes nie, nie om sy voorregte nie, mr. om sy getrouheid in die bietjie wat aan hom toevertrou was. Daarom dat hy kan ingaan in die vreugde van sy Heer: daarom dat Hy kan deel in al die voorregte & sy eie lewe verryk & verdiep. Met een daad dubbele diens: – saak v. sy heer bevorder
– sy eie lewe vrugbaar, verryk

Vs. 21

Slot: Met dit vra:

– Wat het ek gemaak van my kanse, my voorregte, my tyd, my geld, my goed?

– Was ek daarmee besig gewees – of gesit en niks doen nie? Lang: Hy my v. wat niks doen nie – doen nie niks – staan in pad v. ander wat iets wil d

– En as ek besig was daarmee: In wie se diens was ek gewees? In die diens van my Heer & my medemens of in diens myself & Boer?

– Het ek iets verrig wat sal standhou tot die J.K. ewigheid? Kan dit die ^Koopste toets: van deurstaan?

Studente: geleenthede wat so min ander het:
Kan ons met geruste gewete sek gee?
Geen jongmense. Voorregte wat baie ander
moet ontbeer: waardeer & gebr. ons
dit reg? R. van ons R.
Gestel. voorregte: Is ek besig om
hulle te gebruik tot eer v. God &
verryking v.d. lewe v my medemens?

– Leef net eenmaal: maak die beste.